KOSHUIS REËLS

HOËRSKOOL NELSPRUIT

1. Algemeen

1.1 In hierdie Koshuisgemeenskap is ‘n gedragskode noodsaaklik om die opvoedkundige doelstellings van die koshuis te bereik.

1.2 Orde, dissipline en respektering van elke individu vorm die grondslag vir sukses en ‘n gelukkige koshuisgemeenskap.

1.3 Christelike beginsels dien as grondslag vir die gedragskode. Volle geloofsvryheid word egter aan elke individu gewaarborg.

1.4 Hierdie gedragskode erken die volgende: Die Onderwyswette, die wet op Basiese

Menseregte en die gedragskode vir personeel.

2. Doelstellings

2.1 Om aan elke leerder die volle geleentheid te gee vir optimale verwerkliking van vermoëns en talente op alle opvoedkundige terreine waarop die koshuis hom mag begeef.

2.2 Om aan elke leerder die geleentheid te gee om hom/haar maksimaal voor te berei vir die volwasse lewe en ‘n saakmakende rol te speel.

2.3 Om aan elke leerder sekuriteit en geborgenheid te bied in die koshuisgemeenskap as ‘n unieke individu met sy/haar besondere eienskappe en behoeftes.

2.4 Om leerder die beginsel aan te leer van: om vir mekaar om te gee en mekaar se belange op die hart te dra in ‘n gees van samewerking en ondersteuning.

2.5 Om aan elke leerder ‘n veilige omgewing daar te stel waar fisiese beserings sover menslik moontlik beperk word.

2.6 Om as koshuis en ouers in vennootskap die beste aan die kind te bied deur effektiewe kommunikasie.

3. Voogstelsel – gedesentraliseerd

Om bogenoemde doelstellings te kan bereik is ‘n gedesentraliseerde voogstelsel noodsaaklik en bestaan uit die volgende fasette:

• Hoof

• Gangvoogde in koshuise

• Senior Huisvaders

• Buitemuurse aktiwiteite – Afrigters

• Buitemuurse aktiwiteite – Voogde

• Verteenwoordigende Koshuisraad (VKR)

• Ouers

4. Koshuisreëls en orde-reëls

Elke leerder verbid hom/haar tot:

4.1 Opvoedkundig

• Pligsgetroue skoolwerk en getroue skoolbywoning.

• Bywoning van die totale kurrikulêre- en buitekurrikulêre program.

• Bywoning van kursusse soos deur die hoof gereël.

4.2 Kleredrag en voorkoms: Sien kleredrag

4.3 Koshuisterrein

• Die koshuisterrein mag nie sonder toestemming deur koshuisvader verlaat word nie en koshuise mag ook nie gedurende skoolure besoek word nie.

• Die swembad en gimnastieksaal mag slegs onder toesig van onderwysers of gimnasium personeel gebruik word.

• Klipgooiery, natgooiery , rowwe speletjies en bakleiery word verbied.

• Rook, alkoholiese drank, gewoontevormende middels en onaanvaarbare seksuele gedrag word verbied.

• Koshuisterrein – geboue en toerusting, moet met sorgsaamheid benut word.

• Rommelstrooi op terrein en in gebou is verbode.

• Geen leerder mag self met ‘n motor / motorfiets koshuis toe kom nie.

4.4 Algemeen

Daar word verwag dat leerders die koshuis se etos sal uitleef ten alle tye.

4.5 Orde-reëls

Behalwe bostaande algemene koshuisreëls, bestaan daar ook orde-reëls wat toegepas word vir die handhawing van goeie dissipline en orde en om die koshuis se totale werking en funksionering te rig.

5. Dissiplinêre stelsel

5.1 Hierdie stelsel is die uitvloeisel van werksessies en samesprekings tussen personeel, leerders en die beheerliggaam.

5.2 Elke situasie moet op meriete hanteer word.

5.3 Hulpgewing aan leerlinge word vooropgestel.

5.4 Toepassing van tug geskied nadat skuld bo alle twyfel vasgestel is.

5.5 Tydelike uitsluiting is dadelik van krag en geld vir alle fasette van koshuisaktiwiteite.

5.6 Uitsluiting uit die koshuis a.g.v. ernstige oortredings: toelating gaan gepaard met ‘n heraansoek tot die koshuis.

5.7 Waarsku leerder en ouer altyd t.o.v. die tug met die volgende oortreding.

5.8 Om die dissiplinêre stelsel van die koshuis te laat aansluit by dié van die skool, maak die koshuise ook gebruik van ‘n debietpunt stelsel.

5.9 Die volgende oortredings word gelys met die aanbevole tug.

Oortreding			
Ouer-onderhoud	Ja/Nee	TUG	DEBIETPUNT

Ernstige oortredings

Drankgebruik	x1	JA	Kwartaal uit koshuis.
Drankgebruik	x2	JA	Permanente uitsluiting.
Diefstal	x1	JA	Kwartaal uit koshuis.
Diefstal	x2	JA	Permanente uitsluiting.
Rook	x1	JA	1 week uit koshuis.
Rook	x2	JA	1 maand uit koshuis.
Rook	x3	JA	Permanente uitsluiting.
Seksuele wangedrag		JA	Kwartaal uit koshuis.
Terrein verlaat sonder Toestemming		JA	Kwartaal uit koshuis
Onwettig uitteken		JA	Kwartaal uit koshuis
Vandalisme		JA	Kwartaal uit koshuis
Baklei		JA	Handel volgens meriete
Viktimisasie/Groep/Organiseerd		JA	1 Week uit koshuis.

Ander oortredings

Breekware verwyder uit eetsaal	NEE	-40
Rondloop na ligte uit	JA	-30
Baklei (minder ernstig)	JA	-50
Nie uitteken tydens naweek	JA	-50
Nie uitteken in middag	JA	-30
Uitdaging van gesag	JA	-50
Verbode tye in koshuis	NEE	-30
Verbode terrain	NEE	-50
Vuil taal	NEE	-50
Voorkoms (skeer/hare/skoene)	NEE	-20
Vandalisme/Saakbeskadiging (minder ernstig)	JA	Finansiële implikasie -50

Minder ernstige oortredings

Kamer slordig	NEE	-10
Rondloop tydens studie	NEE	Gebruik oordeel:ouer te kontak -20
Musiek/selfoon wat pla tydens studie	NEE	-10
Raas tydens studie	NEE	-20
Eetsaal oortredings	NEE	-20
Laat vir aktiwiteit	NEE	-10
Netheid van kamer	NEE	-10
Rommelstrooi	NEE	-20

5.10 Tug op debietpunte: Op 50 punte word ‘n leerder 1 middag (15:00-17:15) ingespan om take te verrig in belang van die koshuis.

6. Akademiese vordering

6.1 Akademiese vordering is uiters noodsaaklik vir koshuisgangers. ‘n Hoë akademiese standaard moet te alle tye gehadhaaf word.

6.2 Leerlinge wat nie aan ‘n minimum standaard voldoen nie, kan in ‘n studiesaal geplaas word om onder toesig van ‘n verantwoordelike persoon te studeer.

6.3 Genoegsame studietyd word ingeruim vir kosgangers om akademies te vorder.

6.4. Indien ‘n kosganger nie die jaar slaag nie, verbeur hy/sy toegang tot die koshuis vir die volgende jaar. heraansoek moet gedoen word om weer plek tot die koshuis te kry.

7. Verteenwoordigende koshuisraad (VKR)

Sien reglement van VLR en VKR.

Hierdie demokraties verkose raad is bemagtig om leiding te neem onder leerlinge t.o.v. die uitlewing van die gedragskode.

Geen dissiplinêre stappe mag deur die rade self toegepas word nie – maar wel die identifisering van die probleme en die aanmelding daarvan.

8. Onderneming van elke leerder (CREDO)

HIERMEE ONDERNEEM EK _____

AS LEERDER VAN HUIS MARÉ / HUIS HERMANN DAVIN DAT:

8.1 Ek die koshuisskap aanvaar en dat ek na die beste van my vermoë, die pligte en verantwoordelikhede wat hiermee saamval, sal uitvoer.

8.2 Om altyd, waar ek my ookal mag bevind, my persoonlike optrede, hetsy voorkoms en taal, onberispelik te hou, sodat ek my koshuisskap waardig mag wees.

8.3 Om altyd lojaal teenoor my koshuis, onderwysers, leerderleiers en elke leerder te wees, sodat die goeie naam en gees van my koshuis nie geskaad sal word nie.

8.4 Om die volgende beginsels te onderskryf en uit te leef:

8.4.1 Regverdigheid, billikheid, blymoedigheid, minsaamheid en vriendelikheid teenoor my medekosgangers.

8.4.2 Getrouheid aan die reëls, gedragskode en etos van my koshuis.